



# Hoe om goeie tafelmaniere aan te leer

Bladsy 1 van 4

Graad R tot 12

Goeie tafelmaniere is deel van etiket. Etiket is 'n kode wat oor baie jare ontwikkel het en verskil van land tot land. Die basis van etiket is respek vir myself en hoflikheid teenoor ander. Daar is oral reëls en baie daarvan is ongeskrewe. Jou maniere hang baie van jou gesin se waardes af.

Eerste indrukke is blywend en jy kry nooit 'n tweede kans om 'n eerste indruk te maak nie.

Onderwerp: Goeie tafelmaniere



## Stappe

**Die volgende is NIE goeie tafelmaniere NIE:**

1. Om te rek oor die tafel om iets by te kom.
2. Om oopmond te kou.
3. Om met die eetgerei te speel.
4. Om sout by die kos te gooi voordat jy daaraan geproe het.
5. Om met kos in jou mond te praat.
6. Om te begin eet voordat almal kos het.
7. Om net aan jouself te dink en nie bakke aan te gee aan tafelgenote nie.
8. Om smak- en klapgeluide te maak.
9. Om te vinnig te eet.
10. Om jou mond te vol te stop.
11. Om aan tafel winde op te breek.
12. Om met 'n vurk in jou tande te krap.
13. Om jou hande aan die tafeldoek af te vee.
14. Om kos wat op die tafeldoek geval het, te eet.
15. Om regoor die tafel te nies of te hoës.
16. Om jou mond aan enigiets, behalwe die servet of jammerlappie af te vee.



Lewenskuns



Die  
Voortrekkers

voortrekkers.co.za



## Stappe

17. Om te sê: "O gross, ek eet dit nie."
18. Om met alles aan tafel fout te vind.
19. Om laag oor jou bord te hang.
20. Om jou neus met die servet af te vee of daarin te snuit.
21. Om jou bord by 'n buffetete te hoog met kos te stapel.
22. Om te ooreet sonder om met ander te sosialiseer.
23. Om voor jy eet al jou kos op jou bord deurmekaar te roer.
24. Om oor ongepaste onderwerpe soos bloed en toiletstories te praat.
25. Om aan iets te proe en dit dan in die bak terug te sit.
26. Om direk uit die kospotte te eet.
27. Om eetgerei af te lek en dan weer te gebruik om verder op te skep.
28. Om te proe en dan dieselfde lepel verder te gebruik om te roer.
29. Om te baklei en sodoende mekaar slegte spysvertering te gee.
30. Om tydens ete te rook.
31. Om vies gesigte te trek en die kos te kritiseer, veral as die kok by is.
32. Om self nog kos in te skep en dit dan nie op te eet nie.
33. Om met jou mes of vurk te beduie terwyl jy praat.

### Algemene goeie tafelmaniere:

1. Mans/seuns gaan sit nie voor al die dames/dogters sit nie.
2. Mans/seuns trek die stoel vir dames/dogters uit.
3. Wag agter die stoel totdat die belangrike mense eerste sit.
4. Wees betyds vir ete. Laat weet vroegtydig indien jy nie gaan saam eet nie.
5. Neem klein happies, sodat jy nie te lank hoef te kou nie.
6. Kos word na die mond gebring. Die kop sak nie tot by die kos nie.
7. In 'n restaurant breek jy stukkies af of sny 'n broodrolletjie in kleiner stukke en smeer elke stuk net voor jy dit eet.
8. Indien jy genooi word om by mense te eet en jy is allergies vir enige kos of 'n vegetariër, tref vooraf reëlings met die gasvrou/organiseerder.
9. Gedekte eetgerei by 'n formele ete word altyd van buite af gebruik met die hoofgereg by die grootbord.
10. Terwyl jy tussen happe kou, sit jou mes en vurk skuins bo-op die bord neer met die vurk se tande na onder in die vorm van 'n X of omgekeerde V.





## Stappe

11. Ons eet gewoonlik met die vurk se tande na onder. Die vurk kan omgedraai word by 'n informele ete. Die vurk kan ook soos 'n lepel in die regterhand gehou word en gebruik word om sagte kos te eet.
12. Draai pasta om die vurk in 'n bolletjie en bring dan na jou mond toe. Jy kan die lepel in jou linkerhand gebruik om met die draaiery te help.
13. Indien jy klaar geëet het, draai die vurk met sy tande na bo en sit die mes met die snykant na binne langs die vurk in die middel van die bord.
14. Jy kan begin eet nadat almal kos het, die tafelgebed gedoen is, en die gasvrou begin eet of wanneer die gasvrou aandui dat gaste maar mag begin.
15. Wees te alle tye konsidererend teenoor jou tafelgenote.
16. Mense begaan ongelukkies. Hanteer dit met grasie en stel dit reg.
17. Borde word twee-twee weggeenem en eenkant skoongekrap en opmekaar gestapel.
18. Gebruik jou hand vir groen aspersies, sushi, toebroodjies, 'n gebraaide ribbebeen en 'n tjop- of hoenderbeentjie se laaste afeet. Sê eers: "Verskoon my hand, asseblief". By 'n formele ete gebruik 'n mens net jou vurk en mes. As jy 'n olyf eet, kan jy die pit met jou vingers uit die mond haal en op die kant van die bord sit.
19. Dit is aanvaarbaar om 'n tandestokkie aan tafel te gebruik: vorm 'n bakkie met jou een hand voor jou mond terwyl jy die tandestokkie gebruik.
20. Vir 'n nies of hoes sit jou hand voor jou mond, draai effens eenkant toe en hoes/nies agtertoe. Indien dit erg of aanhoudend is, verskoon jouself vir 'n tydjie van die tafel. Vermy 'n neusblasery en 'n gesnuiewery.
21. Jy sit nie jou elmboë op die tafel by formele geleenthede nie. Terwyl jy eet, is die elmboë langs die sye met die hande wat op die rand van die tafel rus. Na ete, indien om die tafel gekuier word, kan die elmboë maar op die tafel rus. Hou die gasheer en gasvrou dop.
22. Wees gesellig aan tafel en neem aan die gesprek deel om die geleentheid te laat vlot.
23. Bedank, wys jou waardering en komplimenteer die kok.
24. Vra of jy kan help met die afdek.
25. As jy genoeg rede het, kan jy met reg beswaar maak oor diens in 'n restaurant. Onthou om ook krediet te gee vir goeie diens en kos. Die kelner verdien sy footjie.

### Aanbieding

1. **Demonstrasie:** Die spanoffisier demonstreer verkeerde aksies oordrewe. Wys spanlede aan om demonstrasie van aksie te doen.
2. **Rolspel:** Gee aan spanlede 'n kaartjie met 'n verkeerde aksie. Die span hou 'n ete. Spanlede voer hulle verkeerde aksie gedurende die ete uit. Terwyl elke spanlid sy/haar verkeerde aksie gedurende die ete uitvoer, moet die ander lede elke spanlid se verkeerde aksie probeer identifiseer. Agterna word 'n bespreking gehou.
3. **Ouerbetrokkenheid**  
Lig ouers oor die onderwerp in en gesels met die kinders oor tafelmaniere aan tafel.
4. **Media**  
Kyk 'n video oor tafelmaniere.





## Wenke

1. Hierdie onderwerp kan deurlopend aangebied word.
2. 'n Span-ete of twee kan deur die jaar gehou word.
3. Betrek die ouers.



## Waarskuwings

1. Rolspel is groot pret, maar kan soms hande uitruk.
2. Waak daarteen dat die spot gedryf word



## Videos

1. Hoe om tafelmaniere te leer

